

Skriflesing: 1 Timotheus 4: 1 – 5Teks: **1 Timotheus 4:1**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 86: 3, 8****TYDENS EREDIENS - Ps. 36:2,3; Ps. 32:1,3; Ps. 25:3,7; Ps. 19:1,6****1 Timotheus 4: 1 – 5**

1Ti 4:1 Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bose geeste aanhang.

1Ti 4:2 Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is.

1Ti 4:3 Hulle verbied mense om te trou en om bepaalde soorte kos te eet. Maar God het die voedsel gemaak, sodat dié wat glo en tot die kennis van die waarheid gekom het, dit met danksegging kan gebruik.

1Ti 4:4 Alles wat God gemaak het, is immers goed. Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie,

1Ti 4:5 want dit word deur die woord van God en deur die gebed geheilig.

Skriflesing: 1 Timotheus 4: 1 – 5Teks: **1 Timotheus 4:1**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 86: 3, 8****TYDENS EREDIENS - Ps. 36:2,3; Ps. 32:1,3; Ps. 25:3,7; Ps. 19:1,6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in die vorige twee hoofstukke het die Here op sy kerk en op ons as mense, man en vrou, besondere klem gelê. Die Heilige Gees het vir ons gewys hoe belangrik dit is om te bid, hoe belangrik dit is om vir alle mense te bid. Die Heilige Gees het deur God se Woord ook vir ons gewys dat al is die regering van 'n land hoe sleg, dat alle regerings wel hulle gesag van God af kry. Daar is geen gesag wat nie van God afkom nie. Ons moet ook nie ophou bid vir 'n slegte regering nie; ons mag wel bid dat die slegte met die goeie vervang mag word maar steeds bid ons dat die gesag wat 'n regering van Godswêë kry daar vir die regering gebid moet word.

In die vorige hoofstukke het ons gekyk, nie net na gesag nie, maar ook na geslag. Manne wat bid, wat godsdienstig saamkom, ja daar word meer as net 'n gebed gedoen, maar 'n erediens vind plaas. Die amptelike ontmoeting wat God met sy kinders afspreek, word tog 'n erediens genoem. Dan word daar spesifiek vir die manne gesê wat hulle plek in die erediens moet wees en vir die vroue word ook wonderlike dinge uitgewys, maar ook wat hulle plek in die erediens nie mag wees nie. Tydens die erediens mag hulle nie wil leer nie, moet hulle stil wees en hulle wil laat leer.

Die mees intieme deel van 'n huwelik waar man en vrou in hulle eenheid ook één mag wees, word die vrou op haar ere posisie gewys, dat sy met inbegrip van die kinders wat sy in die wêreld inbring, hulle eintlik nie die wêreld inbring nie, maar die gelowige vrou bring kinders in God se kerk in. Sy word gered te midde van kindergeboorte (1 Tim 2:15), of die ouer vertaling stel dit ... *sy sal gered word deur kinders te baar...* Die vrou word hoegenaamd nie verkleiner as dit van haar gesê word nie, maar die vrou vir wie God dit bestem het sy kinders mag hê word in die skeppingsorde van God ingelyf dat sy saam met alle ander gelowige vroue 'n eie roeping, 'n besondere taak in die kerk ontvang om te moet vervul wat geen man hulle plek sal kan inneem nie. Hoofstuk 5 gaan ons weer hierby aansluit, hoe 'n besondere plek het weduwees in God se kerk, ja ook die ouer vroue... 1 Tim 5:9-10: *9 Laat 'n weduwee gekies word, nie minder as sestig jaar oud nie, wat die vrou van een man gewees het 10 en getuienis het van goeie werke, as sy kinders grootgemaak het, gasvry gewees het, die voete van die heiliges gewas het, verdruktes gehelp en elke goeie werk nagestreef het.*

Die huwelik waar die man hoof van sy huis moet wees, word ook in die kerk van die Here nooit misken nie. Die kerk is niks anders as die huisgesin van God nie, waar elkeen van ons moet weet hoe ons, ons moet gedra. Ons uitgangspunt in die reeks wou nog nooit afwyk van die sentrale gedagte in hierdie brief wat ons in 1 Timotheus 3 vers 15 net weer mag beklemtoon ... *15 Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermer van die waarheid.* Daarom was ons verlede Sondag in hoofstuk 3 se begin baie duidelik deur God ingelig, ja dit is 'n openbaring van God, hoe iemand moet wees wat 'n ouderling in God se kerk is en ook die man wat 'n diaken in God se kerk mag wees. Ook hoe die vrou van 'n diaken hulle in God se kerk moet gedra.

Ons het kon let op hoe die Here altyd ook met fyn onderskeidings tussen mense werk. Die onderskeidings wat daar by 'n ouderling moet wees, dit wat daar by 'n diaken moet wees, selfs by haar wat as vrou van die ampsdraer mag dien. God werk met fyn instelling en onderskeiding in sy kerk, wat as sy bruid, ja die kerk wat as vrou van God dien, mag vir ons nie 'n vreemde gedagte wees nie. Ook die kerk as liggaam van Christus maak die kerk vir God die waardevolste wat daar vir God nou op hierdie aarde kan wees, dit wat ons mag noem, die Here se Kerk! Die kerk wat God Self deur sy Woord en Gees regeer.

Ons het gesê God is die God van orde, ook die skeppingsorde waar Adam verbondshoof was, maar hy in sonde geval het en die wêreld saam met hom in die sonde gestort het. Eva het die man tot hierdie eerste sondedaad aangespoor en daarom sal die herinnering aan haar eerste sondedaad, om leiding te wou neem waar sy dit nie moes neem nie, is dit 'n blywende herinnering dat die vrou wat haar nie aan die skeppingsorde wil steur nie, sy in die lewe dit nie gaan maak nie. Al het sy kinders of het sy nie kinders nie, kinders is maar net 'n seën, maar sy sal alleen gered kan word, deur die Man wat as tweede Adam deur God in die plek van die eerste Adam gekom het en in Hom is ons gered. Man en vrou moet aan die tweede Adam, Hy wat die skeppingsorde kom herstel het, dat dit weer 'n orde kan wees, onself onderwerp. Hier rondom mag ons nie dwaal nie. Vandag se gelese gedeelte wil ons laat besef hoe maklik kom dwalinge ons en die kerke se lewe binne.

Ons dien Hom, ons Here wat as volmaakte mens, tog volkome God, Homself geoffer het. Hy het sonde vir ons kom word, sodat die sonde wat vir ons die ewige dood sou bring, nie meer tot die ewige dood lei nie, maar gaan dit vir God se kinders om die ewige lewe. Christus het die dood en die sonde van mekaar geskei, omdat Hy wat sonder sonde was, sonde moes word, sodat die lewe wat in Hom is, die lewe kon word waarin ons nou mag lewe. Wie in Christus lewe, waarlik deel van sy lewe, in sy kerk is daar ewige lewe wat verkondig kan word. Christus die enigste wat die dood en die sonde van mekaar geskei het, dat ons dood geen betaling meer vir ons sonde is nie, maar 'n deurgang tot die ewige lewe. Sondag 16 V/A 42 van die Heidelbergse Kategismus bring dit tot ons belydenis as daar gevra word ... **As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?** Ons antwoord dan ... **Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie, maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe.**

Die kern hiervan wat ons hier bó as waarheid bely, dit wat nooit onder verdenking mag wees nie, word eintlik aan die einde van 1 Timotheus 3 pragtig saamgebring. *16 En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde*

waarheid van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlijkheid is Hy opgeneem. Die 2020 Vertaling stel dit soos volg - 16 En die geheimenis van die ware godvresendheid is sonder twyfel groot: Hy is geopenbaar in 'n menslike liggaam, regverdig bewys deur die Gees, gesien deur die engele, verkondig onder die nasies, geglo in die wêreld, opgeneem in heerlijkheid.

Tog beseft ons soos wat Paulus vir Timotheus dit kon beklemtoon dwaalleraars is daar baie en hulle gaan al meer word. Dit is 'n feit. Paulus stel dit baie sterk dat die Heilige Gees dit vir ons duidelik maak. Soos hy skrywe só is dit ... *Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste dae sommige mense van die geloof afvallig sal word.* Dit gaan in besonder om daardie kern momente van die waarheid wat aan die einde van hoofstuk 3 staan. Dit waarin ons as kerk, as huisgesin van God, 'n draer en 'n beskermer van moet wees. Daarom moet ons eintlik nie verbaas wees as daar so baie dwalinge in omloop is nie. Mense raak afvallig. Dit bly 'n groot hartseer maar eintlik moet dit ons nie verbaas nie. Soos die eindtyd al nader kom so sal dit al erger word. Ons reeks so 'n jaar of wat gelede uit Openbaring van hoek tot kant geles het dit keer op keer aan ons gewys. Hoe dit in die eindtyd al erger gaan word, die afval al hoe groter!

Die feit van die afval wat groot is:

Om afvallig te word, is nie moeilik nie. Daarom moet ek myself ook voortdurend weer hierin toets. In wese gaan dit in die woord afvallig om in jou verhouding met God in al hoe groter ontrou te handel. Afvallig het te make met een wat sy verhouding wat hy/sy met God kon hê te verlaat. Om jou nie meer by God te skaar nie. Afvallig het te make met 'n verandering wat plaasvind. Afvallige mense is mense wat al meer weg beweeg van die kerk, al meer verwerp hulle dié dinge waarin hulle vroeër in geglo het.

Ons moet hierby voeg die feit dat mense afvallig word laat ons beseft die afvalliges is in alle geval die mense wie se geloof nog altyd baie vlak gelê het. In aansluiting met van die langste gelykenisse wat Jesus vertel het van die saaiër wat uitgegaan het om te saai, het 'n gedeelte van die saad op die hardepad geval, waar voëls dit eenvoudig kon oppik. In 'n oomblik was dit weg. Tog het van die saad wel in vlakkerige grond geval, waar die klipbanke vlak onder die grond lê. Die saad het onmiddellik wou wortel skiet maar gou het die afvalligheid gebeur. Dit kon nie behoorlik wortel en groei nie (vgl. Luk. 8:13). Hier gebeur die afvalligheid so maklik. Mense wat net 'n rukkie glo. Dit lyk aanvanklik of daar selfs groei en blydskap in hulle geloof is, maar wanneer hulle geloof op die proef gestel word, dan raak hulle weg, dan sak hulle uit, dan is hulle nie meer deel van die ware gelowiges nie.

Ons beseft hulle het eintlik nooit waarlik geglo nie. Dit wat die Dordtse Leerreëls in ons gereformeerdes se lewens so 'n troosryke belydenis maak is die beseft as God my waarlik die geloof as geskenk gegee het, ek het tot wedergeboorte gekom, God het my deur sy Gees wederbaar, ek het geword 'n nuwe skepping in wat geestelik met my kon gebeur, so 'n mens is beslis nie sondeloos nie. Daar kom ook baie stryd, die afval is gedurig iets wat op ons loer, soos met Petrus gebeur het en Jesus Petrus se lewe opgesom het. In die opsomming wat Jesus van Petrus se lewe gee is daar natuurlik ook 'n waarskuwing ingebou. Ons mag weer mooi luister na wat Jesus vir Petrus gesê het - *31 EN die Here sê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer*

om julle soos koring te sif. 32 Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeerd is, moet jy jou broeders versterk.

Mag ons dit in ons lewens ook raaksien. As die Here vir jou 'n opsomming gee van wat tans in jou lewe aan die gang is, die sif van jou lewe word hard geskud, mag dit tegelyk as waarskuwing dien. Kom tot inkeer, keer terug na hoe God dit verlang, dat ek hieruit ook my mede-gelowiges kan versterk.

Oorsprong van die kwaad en afvalligheid

Want besef ons benewens die feit dat baie mense in hulle geloof afvallig gaan word moet ons die oorsprong van die kwaad nie geringskat nie. Trouens dwaalleer is demonies. Die ware gelowige moet dwaalleer met 'n stok kan aanvoel. Jy besef vanuit jou gereformeerde voelhorinkies dit wat nou hier aangebied word, dit wat as waarheid opgedis word, is vals en is demonies. Ons het hierdie verskriklike gevaar ook alreeds in vers 1 moes raaksien. Ons teksverse stel dit- *1 MAAR die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang...*

Ons het te make met leringe van duiwels... *leringe van demone*- staan in die 2020 Vertaling. Baie keer is dit hooggeleerde mense, wetenskaplikes, mense wat voorgee hulle teorie oor die skepping en hoe die aarde nie geskape is nie, maar deur 'n proses van ewolusie ontpop het. Inderwaarheid hoe méér mense God uit die werklikheid van dat Hy wat God is, alles geskep het, wil uithaal, is dit nie demonies nie? God word met opset in die begin van die wêreld en geskape dinge ontken, wie anders sit agter al hierdie ontkennings, wie anders as die duivel self?! Alles pogings van Satan om ons aandag van God af te wil wegtrek. Satan is 'n ekspert as dit kom by die saai van twyfel. Gewoonlik begin dit met 'n twyfel vraag, presies soos wat hy met Eva gemaak het. *Is dit so, dat God gesê het...* So is satan se eerste hoorbare opgetekende woorde op aarde, twyfelwoorde. IS DIT SO?!

Satan sal nooit ophou om God tot leuenaar te wil maak nie. Dan sal dit ook wees dat God se Woord, dit wat ons as die onfeilbare geïnspireerde Woord van God bely, sal aanhoudend aangeval word. Die Bybel, die grootste aanslag sal kom om die Bybel te minag, te verdraai, wanvoorstellings te maak. Allerhande teorieë word ingevoer waar mense die Bybel afmaak as maar net nog weer ander mense wat oor God gewonder, getwyfel en geskryf het, maar is die Bybel niks meer as dit nie! Baie wetenskaplikes, selfs teoloë maak vandag die Bybel af as net 'n gewone menseboek, is maar net opgetekende ervarings van mense oor hulle denke, ervarings en gedagtes oor God.

Paulus wys vir Timotheus, daar waar hy in die stad Efese moes werk, die groot aanslag wat daar teen die huwelik sal wees. Baie van die dwaalleer kom met die dekmantel van vryheid. Vryheid van spraak, vryheid van denke, die mens wil so graag vry wees, maar die sg vryheid word dikwels 'n al hoe groter verknogtheid aan dwalinge wat jy jouself nie kan voorstel nie. Ek moet vry wees om my nie net aan een huweliksmaat te moet verbind nie, ja gaan dit ook oor vryheid, vryheid van seks. Paulus noem die groot dwalinge daar op hulle name *3 Hulle verbied mense om te trou en om bepaalde soorte kos te eet.* Deur die huwelik aan te val word die beeld van Christus se verhouding tot sy kerk aangeval. Deur sekere kossoorte te verbied impliseer dat jy jou redding nie net in Christus vind nie, maar allerhande kos voorskrifte bepaal as ek sekere kosse eet ek nie gered kan word

nie. Terwyl God die Gewer is wat in alle kos wat vir die mens gemaak is om te eet, hom/haar in God kan verbly. Ons dank God by die etenstafel vir wat Hy ons skenk. Vers 2 vorm eintlik so 'n pragtige onderdeel as dit deel van ons tafelgebed kan word. *Maar God het die voedsel gemaak, sodat dié wat glo en tot die kennis van die waarheid gekom het, dit met danksegging kan gebruik.*

Die aanslag op die huwelik besef ons word ook al hoe feller. Satan het eintlik 'n masjien van propaganda aan die werk dat mens oor jou identiteit in Christus nie meer sekerheid mag hê nie. Is ek 'n man wat met 'n ander man verhouding wil aanknoop, dis maar reg, dis jou biologie, of vrouens met vroue. Dit bly 'n aanslag op die huwelik. Kerke sal hierdie aanslag hoegenaamd nie kan vryspring nie. Ons spring dit nie vry nie, intendeel! Misleidende geeste is aan die werk en die leerstellings van die bose geeste word aangehang. Dis hoe Paulus dit vir Timotheus beskryf. Oor die verstaan van die huisgesin, die waarde van die huwelik en dat alles eintlik daarvan afhang hoef ons nie weer uit te brei nie.

In hierdie reeks het ons dit al keer op keer bevestig. Die regte verstaan van die huwelik, die regte verstaan van die gesin, die regte verstaan van die man se hoofskap, die besondere Godgegewe rol vir vroue, as ons dit verstaan, dan is ons besig met die kernwaarheid van alle eeue. Dit is die werklik gesonde leer wat beskerm, bewaar en uitgebou moet word. Die kerk is die huisgesin van God en moet wees 'n draer en 'n beskermmer van die waarheid. Ek moet weet hoe ek my in die huisgesin van God moet gedra. So wys alles weer terug na 1 Tim 3:15. Dan is ek vir God 'n pilaar en fondament van die waarheid, ja God wil jou maak grondslag van die waarheid.

Jy moet vasstaan:

'n Pilaar moet groot gewig kan dra daarom moet dit kan vasstaan. Die grondslag moet reg wees, die fondament moet reg en vas wees, anders val die pilare. In jou lewe is dit nie anders nie. As jou leer nie stewig is nie, sal jou lewe ook nie stewig wees nie. Daarom waar ons vandag gehandel het oor die feit van die afval wat al groter gaan word, die oorsprong van al hierdie dinge, is dit seker 'n geldige vraag wat gaan my reaksie op al die dinge wees?! Gaan ek maar met die groot stroom saamgaan, ek gaan al minder bereid wees om na God te wil luister. Direk in aansluiting by verlede Sondag waar ons gehandel het oor die voortreflike werk wat jy vir God kan doen as jy wagter/herder, opsiener/ouderling, ja diaken vir God kan wees, as jy daarna verlang om ouderling/predikant te wees, verlang jy 'n voortreflike werk. God noem dit voortreflik maar wat maak ons?

Ons kom agter ons soek verskonings om dit nie te wees nie, of as ons dit is, hoe getrou is ek in my dienswerk? Dit word al hoe ernstiger gewetensvrae! Ons het in die vorige hoofstuk die taak en die karakter en die doel van dié ampsdraers naby aan ons wou bring. Naby aan huis! Tog raak vandag se gedeelte dieselfde saak en roeping net nog dieper aan. As ek een is wat eintlik nie vasstaan nie, ongeag of ek ouderling of diaken is, is ek werklik dan vir God bruikbaar. Is die feit dat broeders nie vasstaan nie, nie dalk oorsaak van hulle slordige ampswerk nie!

Jy moet wees pilaar en grondslag vir God, nie in die eerste plek vir mense nie, maar vir God. Daarom staan vas. Moet nie dat die tydsgees en allerhande strominge van jou en my menswaardigheid en ons sg regte vir jou groter gewig begin dra as ons gereformeerde leer en belydenis nie. As ek van die belydenis begin weg dwaal of nog

erger, ek weet eintlik nie 'n snars van dit wat ons belydenis regtig is nie, waarop is ek dan gegrond. Myself, my geld, my plaas, ek wil wees my eie god. Is dit die dinge waaroor ek sterk voel en ek voor sal veg. Nie vir die eer van God nie, maar vir my eie eer.

Terwyl as jy vasstaan in wat God ons tot nou toe in hierdie besondere brief mee voorgegaan het, dan is die besef van my eie sonde en ellende, my eie onwaardigheid, die besef ek kan myself nie verlos nie, vir jou 'n groter realiteit as elke dag se beurtkrag. Ek moet my verlossing buite myself soek en is ek oortuig dat Christus alleen is my Verlosser. Alleen Hy kan my verlos. In sy bloed is die lewe, in sy lewe is my lewe moontlik. Hoe kosbaar, hoe duur is die bloed wat Hy vir ons gegee het, dat ons in Hom kan wees en Hy in ons. Ek is dan ingestel nie net op hoe duur die brandstof word en hoe swak ons veepryse is nie, maar die werklike dieper lewe in Christus begin tot ons te spreek.

My sonde en ellende laat my die vraag vra, hoe ek daarvan verlos kan word. Verlos van dinge wat my verknog en wat ek my siel aan uitlewer. Verlos van satan en dit wat die wêreld boos maak. Die vraag na hoe ek verlos kan word, is alleen ook weer net in Christus te vinde. Is ek op Christus gefokus, hoe Hy na die hemel opgevaar het, nie om weg van ons te wees nie, maar juis binne ons te wees. Buite myself moet ek my verlossing soek, binne myself moet ek soek en verlang na die Heilige Gees. Woon die Heilige Gees werklik in my, moet my groot vraag in elke dag se lewe wees. Dra ek werklik die vrug van die Gees, of is my beseerde natuur en sonde waarin ek ontvang en gebore is, is dit maar nog die dinge wat die gang van my lewe bepaal.

En as ek kan vasstaan in wat die Heilige Gees in my doen, dan word die vraag na my en jou dankbaarheid nie soos 'n stertjie in jou lewe aangelas nie, maar dit word vir jou en my die groot vraag vir môre en vir die toekoms. Die deel van jou en my lewe wat nog voorlê, is ek God werklik genoeg dankbaar vir wat Hy reeds vir my gedoen het. Daarin sal my werke spreek. Ons werke volg ons. Of dit goed is of sleg. As my dankoffer sleg is, kan ek my werke goed noem. Is ek dan met ware dankbaarheid besig. Staan ek vas in wat dankbaarheid moet wees. Jesus het ons gewaarsku moet nie wat sleg is, goed wil noem en dit wat goed is as sleg wil afmaak nie. 'n Saak is goed of sleg, ook in wat jou werke is, 'n Goeie boom sal goeie vrug dra, moet nie van die slegte boom die goeie verwag nie, al wou die tuinier dit nog 'n jaar kans gee. Die vraag is of God ons nog weer daardie kans sal gee as ons volgende keer mag kom by die volgende toets van hoe lyk my leer, hoe lyk my lewe. Die res van hoofstuk 4 is juis die vraag na jou leer en lewe. Gaan kyk so lank na vers 16 - *16 Let goed op jou lewe en jou leer; volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.*

AMEN